Jaarverslag 2012

Wynbedryf

SA Jongwynskou

Die Suid-Afrikaanse Jongwynskou bied wynmakers die geleentheid om hul beste wyne van die huidige oesjaar met dié van hul eweknieë te vergelyk.

Die agt deelnemende wynstreke is Robertson, Worcester/Breedekloof, Stellenbosch, Paarl, Oranje-Vaal, Olifantsrivier, Swartland en die Klein Karoo. Die skou dateer uit 1833 toe die Kaap de Goede Hoop Landbougenootskap die eerste wynskou in Suid-Afrika aangebied het. Die SA Jongwynskou is dus die oudste wynkompetisie in die land. Vandag nog borg Agri-Expo hierdie belangrike wynskou.

Die oogmerk van die SA Jongwynskou is om die kwaliteit van wyne te beoordeel wanneer die wyne nog in hul kinderskoene is – met ander woorde in die jaar van produksie – voordat die wyne finaal versny en gebottel word. Op hierdie wyse gee die bedryf erkenning aan die produksievermoeëns van ‘n kelder. Min van hierdie wyne is te koop of reeds in hul finale vorm ten tye van die beoordeling.

Kampioene word aangewys in die volgende kategorieë: Chenin Blanc, Sauvignon Blanc, Chardonnay, Sémillon, Ander Wit Kultivar, Droë Wit Versnit, Soetwyne, Edellaatoes, Pinotage, Shiraz, Cabernet Sauvignon, Merlot, Ander Rooi Kultivar, Droë Rooi Versnit, Port, Dessertwyn en Muskadel.

Saam met die 17 SA Kampioene word die indrukwekkende Generaal Smuts Trofee – wat in 1952 vir die eerste keer toegeken is – vir die algehele Jongwynwenner, en die Pietman Hugo Trofee vir die kelder met die hoogste punte vir vyf beste inskrywings, toegeken.

Inskrywings word deur spesialispanele van sewe beoordelaars geproe. Proeërs is wynmakers of wynkundiges met ‘n formele proe-kwalifikasie en spesialiskennis oor spesifieke wynstyle. ‘n Agste junior paneellid het vir opleidingsdoeleindes by hierdie spanne aangesluit.

Riebeek Kelder het die meer as 1 900 wyne wat vir vanjaar se kompetisie ingeskryf het, met hul gehoute Viognier geklop om die gesogte Generaal Smuts trofee te wen en Badsberg het die Pietman Hugo Trofee vir die derde agtereenvolgende jaar ingepalm.

Die winners is op 19 Augustus 2011 gedurende ‘n middagete by die Muisbosskerm buite Lambertsbaai aangekondig met die Weskus Wynroete as gasheer.

Veritas

Die Veritas Toekennings veereer wyne van uitstaande kwaliteit en die bekende Veritas simbool van uitmuntendheid dien as ‘n gesaghebbende kwaliteitsmaatstaf.

Na byna twee dekades het die Veritas Toekennings sy reputasie as een van Suid-Afrika se mees gesaghebbende en betroubare kompetisies vir markklaar wyne verdien. Die Toekennings, met die Veritas embleem, is sinoniem met top kwaliteit wyne. Die resultate word vertrou en internasionale en plaaslike wynkopers baseer gereeld hul aankoopbesluite hierop.

Goud en dubbelgoud medaljes word deur die wynbedryf as uiters waardevol beskou en is ‘n klop op die skouer vir die wyn, die kelder sowel as die wynmaker. Veritas is die enigste wynkompetisie in Suid-Afrika vir die bedryf deur die bedryf waar daar geen kommersiële wins ter sprake is nie.

Die Veritas beoordelingstelsel is al beskryf as een van die deeglikste in die bedryf. Beoordelingspanele is verteenwoordigend van die totale wynbedryf en sluit in wynmakers, navorsers, akademici en aankopers, en word saamgestel in samewerking met die relevante kultivarswerkgroepe.

Beoordelaars moet oor ‘n geldige beoordelingskwalifikasie van die Universiteit van Stellenbosch, ‘n Kaapse Wynmeester Diploma of ‘n vergelykende vorm van akkreditasie beskik.

KWV is as die koning van Veritas gekroon op Saterdag, 8 Oktober by die KIKS. Hierdie byna eeu-oue wyn- en brandewynmaatskappy met sy hoofkwartiere in die Paarl, het ‘n merkwaardige vyf dubbelgoud en nege goue medaljes verower – die meeste dubbelgoud en goue medaljes ooit deur een kelder.

Sewe individue het spesiaal ontwerpte ererolle ontvang en is as Veritas Legendes vereer. ‘n Veritas Legende is ‘n ware ikoon – ‘n individu wat die bedryf help vorm het deur sy/haar wynmaak of wingerdkundige vermoeëns, of ‘n bydrae in terme van skryf, navorsings of bemarking.

Agri-Expo, ‘n venoot van die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANWSV), is die hoofborg van die Toekenningsdinee.

Kultivarwerkgroepe

Verdere ondersteuning tot die wynbedryf is die finansiële betrokkenheid by die onderskeie kultivarwerkgroepe. Hierdie projek het baie uitgebrei gedurende die afgelope jaar en heelwat werkgroepe funksioneer suksesvol. Agri-Expo stel fondse beskikbaar vir vergelykende proeë, werksessies en seminare, wat bydra om die onderskeie kultivars verder uit te bou. Vanjaar is fondse beskikbaar gestel aan die Cap Classique Werkgroep, Chenin Blanc, Shiraz en Sauvignon Blanc groepe.

Suiwelbedryf

Qualité kaasproeë

Ter uitbreiding van die vennootskap tussen Agri-Expo en die Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging (SANSWV) word Qualité kase saam met Dubbelgoud en Goue Veritas wyne tydens drie eksklusiewe proegeleenthede aan ongeveer 1200 lede van die publiek bekendgestel. Hierdie proeë vind plaas in Kaapstad, Johannesburg en Durban, en is ‘n uitstekende manier om die Qualité merk as ‘n betroubare aanwyser van suiwelkwaliteit in Suid-Afrika te bevorder.

Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe

Die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe word reeds sedert 1834 deur Agri-Expo aangebied en is die land se grootste suiwelkampioenskap. Dit is 'n ideale platform vir beide groot en boetiekvervaardigers om hul produkte met dié van hul mededingers te vergelyk. Die 2012 beoordeling het op 15 Maart in Kraaifontein se stadsentrum plaasgevind, waar sowat 790 inskrywings meegeding het om die gesogte titel van Suiwelproduk van die Jaar.

Negentig (90) indrukwekkende suiwelprodukte is as SA Kampioene aangewys en ses en twintig (26) uitsoek-suiwelprodukte het Qualité Toekennings ontvang. Hierdie toekenning is Suid-Afrika se enigste simbool van suiwelvoortreflikheid. Vervaardigers besef dat die verbruiker se smaak en voorkeure gedurig verfyn word en dat hulle gevolglik produkte van hoër kwaliteit verwag. Die kwaliteit van bokmelk-produkte verbeter ook jaarliks en veral bokmelkjogurt kan nou op gelyke voet met koeimelkjogurt meeding.

Die Portobello Franschhoek Angelot moes die totale aantal inskrywings in al die kategorieë insluitend kaas, botter, maaskaas, jogurt, gegeurde melk, suiweldoopsouse, roomys en suiwelnagereg troef om die guns van die 40 beoordelaars te wen en aangewys te word as die 2012 SA Suiwelproduk van die Jaar.

DuPont Qualité Toekenningsdinee

Die Genootskap is bevoorreg om Danisco (nou in die DuPont stal) vir die vyfde jaar as naamregteborg by die Qualité Toekenningsdinee te verwelkom. Die dinee is op 25 April in die Bloemhof Sentrum in Stellenbosch aangebied en word erken as die voorste suiwelgeleentheid in Suid-Afrika.

Hierdie geleentheid, waar die SA Kampioene, Qualité Toekennings en Suiwelproduk van die Jaar aangewys word, is deur 350 gaste vanuit al die sektore van die suiwelbedryf bygewoon. Met "Fire and Ice" as tema, het die glansaand, met vermaak, goeie kos en wyn en onverwagte verrasssings, goeie mediadekking in sowel die landbou- as bedryfsmedia ontvang.

Afrikaprojekte

Die volgende projekte is gedurende die afgelope jaar namens SPEAR CC deur Agri-Expo bestuur:

- Opleiding van Mosambiekse veeartseny-artse in higiëniese melkproduksie en melkprosessering;
- Finalisering van die bou en toerus van 'n melkprosesseringsaanleg in Beira;
- Werwing en opleiding van ses kaasmakers van Malawi, Tanzanië en Zambië in Boergondië, Frankryk.

Internasionale kaaskompetisies

Die 2011 World Cheese Awards is in Birmingham aangebied en Suid-Afrikaanse kase het 'n aantal goue en silwer medaljes verower. Agri-Expo het opgetree as die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger vir die kompetisie en het gevolglik die inskrywings sowel as die vervoer van kaasmonsters na die Verenigde Koningkryk behartig. 'n Rekordaantal van 52 kase is ingeskryf.

Kleinhandelsopleiding

Twee opleidingsessies wat oor drie dae gestrek het, is aan die personeel van Suid-Afrika se grootste supermarkgroep aangebied. Die opleiding sluit in die ontvangs, stoor, tentoonstelling en pro-akteiwe verkoop van suiwelprodukte.

Adviserende en konsultasiedienste

Groot en medium kaasmakerye het talle male van Agri-Expo se konsultantdiens gebruik gemaak. Kwaliteitsprobleme met suiwelprodukte is reggestel en bystand is verleen met die bekendstelling van nuwe produkte, asook met fabrieksuitbreidings. 'n Aantal lesings is ook by twee sjefopleidingskole gelewer.

Wes-Kaap/Boergondië Kaasmakersbeurs

Kaasmaakstudente van die Centre de Formation Professionnelle et de Promotion Agricole in Davayé, Boergondië, het die Wes-Kaap besoek om die Kaasfees by te woon en besoek af te lê by verskeie kaasmakerye. Vier Wes-Kaapse kaasmakers het Boergondië tydens September 2011 besoek. Die Ooreenkoms is steeds hoogs suksesvol wanneer die aantal pryse wat deur vorige studente by die SA Suiwelkampioenskappe gewen is, in ag geneem word. Die Ooreenkoms dien as 'n belangrike skakel tussen Agri-Expo en die Wes-Kaapse Departement Landbou.

SA Kaasfees

Die SA Kaasfees het die afgelope dekade die guns van die land se kaasliefhebbers gewen met sy fokus op die veelsydigheid van dié suiwelproduk in sy vele gedaantes. Na 11 suksesvolle jare blyk dit dat dié fees steeds 'n onbetwiste gunsteling van die land se kosliefhebbers bly. Die meer as 32 000 besoekers wat gedurende die vier dae van 27-30 April op Sandringham gekuier het, bewys dat kaas toenemend die verbeelding van mense aangryp.

Die 2012 terreinuitleg met Suiwelplein, Karnavalpark en Meander op 'n afgebakende area met 'n totale oppervlak van 26 875m² en 'n vloeroppervlakte vir stalletjies van 5 516m², het vir goeie terugvoer van uitstallers sowel as besoekers gesorg. Meer as 35 ton kaas was by die fees aangebied deur nasionale sowel as boetiekkaasmakers. Absa het weereens hierdie jaar 10 nuwe klein kaasmakers na die fees gebring. Demonstrasies het in die Checkers Teater, DStv Kosteater, BBC Lifestyle werkwinkel, Santam Melkfabriek en Pinotage teater plaasgevind waar glanspersoonlikhede en bekende kos- en wynkenners hulle deskundige vernuf met hul onderskeie produkte met kaasliefhebbers en leergieriges gedeel het. 'n Nuwe opwindende toevoeging tot hierdie jaar se fees was die kaaskerfkompetisie waar deelnemers elke dag groot pryse kon wen.

Agri-Expo se vennote in die aanbieding van die Kaasfees het weer hulle lojaliteit bewys, nie net met monitêre bydraes nie, maar ook d.m.v. mediadekking en produk- en diensverskaffingsborgskappe. Vier borge, nl. Absa, Ladismith Kaas, Parmalat (Simonsberg) en The company of wine people (Welmoed wyne) is vereer vir hul getroue bydrae van tien jaar aan die SA Kaasfees. Agri-Expo wil graag elke borg en verskaffer wat bygedra het om die

11de SA Kaasfees ‘n suksesvolle geleentheid te maak, van harte bedank.

Die SA Kaasfees bly steeds die grootste platform vir kaasmakers in ons land om hulle produkte in die bestek van ‘n paar dae aan meer as 32 000 verbruikers bekend te stel. Die stalletjies is in ses kategorieë beoordeel en die volgende wenners is tydens die Media24 uitstallersontbyt aangewys:

Nasionale kaas	* Portobello / Rhodes Food Group
Boetiekkaas	* Arista Dairies
Wyn	* Wildebraam
Verwante produkte	* Sweet Temptations
Spyseniering	* Piroschka’s Kitchen
Melkfabriek	* Simmentaler/Fleckvieh (vir die vierde agtereenvolgende jaar)

Die bemarkings- en mediaveldtog het met uiters suksesvolle mediadekking in die gedrukte media, met aanlynadvertensies, elektroniese nuusbriewe, sosiale media soos “Facebook” en radio en TV dekking, blootstelling ter waarde van bykans R26m gegenereer. Die 2012 SA Kaasfees was in vele opsigte een van die Genootskap se beste feeste tot dusver.

Kaapse Suiwel Ervaring

Op 2 & 3 November 2011 is die omvattende en eg Kaapse Suiwel Ervaring vir die eerste maal op Sandringham aangebied. Die idee is gebore uit die bedryf se behoefte om ‘n suiwer suiwelskou aan te bied wat nie slegs die direkte rolspelers betrek nie, maar tegelykertyd die publiek ‘n eerstehandse ervaring bied van die dinamika van hierdie belangrike bedryf.

Die sukses van die geleentheid het grootliks daarin gelê dat die volle waardeketting van suiwel op ‘n vars en opwindende wyse aangebied is.

Vir die suiwelprodusent was dit die ideale platform om die beste van hul kuddes met diere van regoor die land te vergelyk, met ander bedryfsrolspelers te netwerk en aan die nuutste tegnologie blootgestel te word. Vir die algemene publiek was dit ‘n aangename plaasuitstappie waar hul kon leer botter, kaas en sjokolade maak en waar die kleinspan onder andere die nabyheid van pragplaasdiere kon geniet. Ervare Jeugskoukinders het ander touwys gemaak oor die fynere kunsies van skou en kinders kon ook aan roomys-eet kompetisies deelneem en kammakoeie melk. Begeleide skoolgroepe het die Vrydag aan al hierdie aktiwiteite deelgeneem.

Van die hoogtepunte op die landbouprogam was die kroning van die Absa Kaapse Suiwelkoningin, die aankondiging van die Wes-Kaapse Meester Suiwelboer van die Jaar en die Wes-Kaapse Melkbokkampioenskappe.

‘n Prag Holstein, Ellerslie 4078 met eienaars J W Penn & Kevin Lang van Grace Valley in KZN is aangewys as die Suiwelkoningin van die jaar. Bykans 200 wêreldgehalte Holsteins, Ayrshires en Jerseys van so ver as Kwa-Zulu Natal, die Suid-Kaap, die Vrystaat en die uithoeke van die Wes-Kaap het hul beste voetjies voorgesit om dié gesogte titel in te palm. Ervare beoordelaars, insluitend Scott Ruby (‘n Amerikaanse suiwelboer en -konsultant), Paul Meade van Kwa-Zulu Natal en Niel Jansen van Rensburg van Mpumalanga, het die diere onder die vergrootglas beskou om te besluit watter koei met die beste bouvorm, voete, bene, en uier spog.

Mnr Philip Blanckenberg van Klipheuwel naby Malmesbury en ook Voorsitter van die Melkprodusente Organisasie (MPO) in die Wes-Kaap is Vrydagaand 2 November by die Kaapse Suiwel Ervaring aangewys as die Meester Suiwelboer van die Jaar.

Met twee skouringe en binne uitstallers, was die Pawiljoen markiestent 'n miernes van bedrywighede. Daar was ook 'n groot aantal buite uitstallers en 'n area waar voerwa- en baalhanteringsdemonstrasies baie aandag getrek het. Tydens die uitstallersontbyt Saterdagoggend is Foxenburg Estate aangewys as die beste binne stalletjie en Richard Keenen SA (Pty) Ltd as die beste buite stalletjie.

Die Kaapse Suiwel Ervaring is deeglik bemark en het dekking ter waarde van R7.6m ontvang.

Perdebedryf

Agri-Expo Perdeskou

Die Agri-Expo Perdeskou is op versoek van deelnemers in die Oktober skoolvakansie gehou. Die aantal inskrywings was steeds lewensvatbaar met 'n totaal van 2800 inskrywings wat vir die verskillende dissiplines ontvang is.

Vanjaar het die skou met driefase kompetisie begin (dressuur, veldwedloop en skouspring). Agri-Expo het vir die eerste maal 'n driefase kompetisie by Sandringham aangebied. Die baan, 'n internasionale FEI baan CIC 1*, is deur David Evans van die VK ontwerp en deur Andile Balula en die Agri-Expo span gebou. David was ook die baanbouer vir die Beijing Olympiese veldwedloopbaan. Die baan is een van min in die Wes-Kaap wat afwisselende terrein insluit. Hoewel dit nog in sy kinderskoene is in terme van totale konstruksie, sluit dit een van die grootste waterspring komponente in. Daar word beplan dat Agri-Expo in 2014 'n CCI 3* geleentheid sal reël wat ons in staat sal stel om die SA Kampioenskappe aan te bied.

Ten spyte daarvan dat 'n totaal nuwe baan altyd probleme oplewer, is dit uitstekend deur die publiek en die top klas ruiters ontvang. 'n Kliniek is twee weke na afloop van die geleentheid hier deur Alex Paternell (2012 SA Olympiese deelnemer) aangebied.

Cape Premier Jaaroudveiling 2012 – Boek 1

Cape Thoroughbred Sales het meer as 800 inskrywings gelok en is gevolglik in Boek 1 (KIKS) en Boek 2 (Kenilworth) verdeel. CTS het Agri-Expo gekontrakteer om die logistiek vir die verkoping in die KIKS te hanteer. Vanjaar is 350 jaaroud vullens aanvaar en al die sale, behalwe Saal 1, is vir die stalle gebruik. Huisvesting vir die 205 staljongens moes gevolglik in die parkeerkelder gebou word. Tydelike slaaplokale en 'n sit-/eetkamer area met volledige DStv kanale wat deurentyd beskikbaar was, is vir hierdie groep ingerig.

Die stoeterye het die sitvertrekke aan die einde van hul stalrye met groot sorg versier en die kopers het positief hierop reageer terwyl hulle die perde tydens opbou besigtig het. CTS het die langverwagte en baie streng kredietbeheer-kriteria geïmplimenteer en tergelykertyd seker gemaak dat daar 'n finansiële maatskappy

teenwoordig was om lenings toe te ken. Verkopers is verseker van betaling binne die bestek van 30 dae! Die totaal van verkope was R106 835 000 met R2 800 000 die hoogste prys vir ‘n Highlands jaaroud vul.

Boek 1 se verkope was daarop gemik om buitelandse kopers na Suid-Afrika te lok om plaaslik geteelde perde te koop en hoewel die uitvoerprotokol uiters moeilik was as gevolg van die uitbreek van Afrika Perdesiekte, het buitelandse kopers steeds R40 000 000 spandeer.

Die totale verkoping is gemik op ‘n hoë inkomste kliëntebasis en die optrede van die petite Zolani van Freshly Ground het die groot groep stil gehad met haar wonderlike interpretasie van die Suid-Afrikaanse volkslied. Gary Player se inspirerende openingstoespraak het die regte atmosfeer geskep vir ‘n baie bevredigende verkoping.

Cape Premier Jaaroudveiling 2012 – Boek 2

Hierdie verkoping is aan die begin van Maart by die Kenilworth renbaan gehou. 405 jaaroud vullens is te koop aangebied. Agri-Expo was daarvoor verantwoordelik om die parkeerarea binne 10 dae in ‘n stalwerf te omskep – ietwat van ‘n uitdaging aangesien die grond erg ongelyk was en grootskaalse grondwerk gedoen moes word voor die stalle opgerig kon word. Die veiling het twee dae geduur en die totale verkope het R24 653 000 beloop met ‘n gemiddeld van R83 559.

Ledeskoue

Landbougenootskappe

Agri-Expo tree op as borg by landbouskoue wat lid is van die Genootskap op grond van die feit dat hulle die beeld van landbou bevorder. Vanjaar het hierdie skoue 6 nasionale, 22 provinsiale, 2 interprovinsiale, 26 streeks- en 30 klub-kampioenskappe onder die Agri-Expo vaandel aangebied. Beoordelaars was dit eens dat die standaard van diere in die Wes-Kaap besonder hoog is. Benewens hierdie aanbiedinge is daar ook vanjaar jeugskoue, opkomende boerskoue en pluimveeskoue aangebied.

Die algemene jaarvergadering van ledeskoue het op 14 Junie 2011 te Riversdal plaasgevind. Tydens hierdie vergadering bespreek skoue skoudatums, uitdagings in die skoubedryf en enige ander aangeleenthede wat op skoue betrekking het. Vanjaar het Mnr Hein Volgraaff, Bestuurder van Lewende Hawe by BKB, as gasspreker opgetree en die belangrike rol van skoue vir telers, borge en bedryfsorganisasies sterk beklemtoon. Hy het skoue geprys wat aanpas om tegnologies op die voorpunt te bly.

Landbouskoue in die Wes-Kaap is ‘n intergale deel van die gemeenskap op die platteland en vervul ‘n belangrike rol deur landbouprodukte teen mekaar te meet en sodoende die kwaliteit daarvan te verbeter.

Wes-Kaap Pluimvee Jonghoenderskou

Die Genootskap ondersteun jaarliks die Wes-Kaap Jonghoenderskou. Hierdie skou skep ‘n geleentheid vir deelnemers om hoenders te selekteer vir die toekoms en vir die komende Klubskou. Vanjaar was daar 510 inskrywings deur 30 vertoners wat 62 verskillende rasse hoenders en eende verteenwoordig het. Ten spyte van die ongewone wisseling in temperature was die beoordelaars baie beïndruk met die gehalte en voorkoms van die pluimvee. Hierdie skou lok nie net jaarliks baie vertoners nie, maar ook heelwat lede van die publiek.

Wes-Kaap Pluimvee Klubskou

Die jaarlikse Wes-Kaap Pluimvee Klubskou is vanaf 14 tot 16 Junie 2012 op Kleinplasie in Worcester aangebied en ‘n totaal van 1632 inskrywings van 51 vertoners is ontvang. Hierdie inskrywings het 87 verskillende rasse hoenders en swemvoëls verteenwoordig. Die beoordelaars was vol lof vir die goed voorbereide hoenders en die algemene kondisie en gehalte van die pluimvee. Ter voorbereiding vir die komende Wes-Kaap Kampioenskappe, het die jeugskouleerlinge ook hulle teoretiese en praktiese eksamens afgelê.

Wes-Kaapse Veteraantrekker-en-enjinklub

Die jaarlikse Klubskou is op 4 en 5 Augustus 2011 op Villiersdorp gehou. Hierdie organisasie bewaar die geskiedenis van ons landboubedrywighede en daarom tree Agri-Expo as hoofborg op by die jaarlikse skou. Meer as 1800 besoekers het die geleentheid gehad om ongeveer 150 veteraantrekkers, 30 stilstaande enjins en ‘n groot hoeveelheid plaasimplemente en -voertuie uitgestal en/of gedemonstreer te sien. Met die skoutema: ‘Die meganisasie in die vrugtebedryf’ was veral die klein erfstukke, persoonlike items en huisware uit privaatversamelings, weereens baie gewild.

Ongeveer tien nuwe lede het tydens die skou aangesluit, wat aandui dat die entoesiasme en ingesteldheid t.o.v. bewaring wat deur die uitstallings en program gestimuleer word, van onskatbare waarde is. ’n Ledetal van ongeveer 450 is oor die hele Wes-Kaap provinsie versprei. Die Agri-Expo wisseltrofee vir die mees entoesiastiese klein klub is vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar deur die Villiersdorp-Klub verower.

Jeug

Jeugskou

Agri-Expo tree as Hoofborg van die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging op, wat vanjaar ses streekskoue aangebied het met 535 deelnemende kinders nl. Wynland 90, Eden 59, Cederberg 165, Overberg 48, Swartland 87 en Herold 110.

Jeugskoukinders neem deel aan die volgende afdelings:

- Wynland: Vleisbees, Suiwelbees, Melkbok, Boerbok, Wolskaap en Vleisskaap
- Eden: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Pluimvee en Perde
- Cederberg: Melkbok, Boerbok, Angorabok, Wolskaap en Vleisskaap
- Overberg: Vleisbees, Suiwelbees, Melkbokke, Wolskaap en Vleisskaap
- Swartland: Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbok, Boerbok en Angorabok
- Herold: Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbok en Angorabok

Ontwikkelingskursusse is vanjaar op Uniondale en Rietbron aangebied. Hierdie kursusse help dat daar nuwe deelnemers tot die jeugskou toetree en dat die jeugskoukonsep ook sodoende bevorder word. 'n Ontwikkelingsskou vir beginners is op Clanwilliam aangebied vir leerders van Lepelsfontein en Garies.

Die Agri-Expo Wes-Kaap Jeugskou Kampioenskappe is vanjaar op Clanwilliam aangebied en die standaard van die deelnemers regoor die Wes-Kaap was van hoogstaande gehalte. Altesaam 131 deelnemers het aan hierdie Kampioenskappe deelgeneem wat dit die grootste kampioenskap in die geskiedenis maak.

Die Nasionale Kampioenskappe het in September in Vryburg in die Vrystaat plaasgevind. Die Wes-Kaapspan het soos die afgelope ses jaar die botoon gevoer en is weereens as die kampioene van hierdie kompetisie gekroon. Die span het 15 goue, 11 silwer en 10 brons medaljes verower.

Landbouskole

Agri-Expo besef die finansiële druk waaronder opvoedkundige instellings tans gebuk gaan en het dit goed gedink om spesifiek landbouskole te ondersteun na gelang van hulle behoeftes. Lenings word aan die drie landbouskole in die Wes-Kaap beskikbaar gestel, naamlik Hoër Landbouskool Boland, Augsburg Landbougimansium en Hoër Landbouskool Oakdale, om die standaard van die skole te verbeter om sodoende gehalte onderrig aan leerders te kan gee.

Die Genootskap ondersteun ook jaarliks die drie landbouskole tydens hul prysuitdelings met beurstoekennings. Hierdie beurse gaan aan die beste leerders in elke graad, asook aan leerders wat bo hul gemiddeld presteer het.

Algemeen

Vroue in Landbou

Vroue Landbouvereniging Kaapland (VLVK)

Die VLVK se 82ste jaarkongres is vanaf 16 – 18 Augustus op Villiersdorp aangebied. Die Genootskap het sy lang verbintenis met hierdie Vereniging voortgesit deur weereens 'n borgskap beskikbaar te stel sodat die kongres op 'n volgehoue kwaliteitsbasis aangebied kon word. Agri-Expo het goeie blootstelling op hul webtuiste, in gedrukte

bemarkingsmateriaal en by die kongres ontvang. Die kongres is bygewoon deur me Mariana Rabie, Bemarkingsbestuurder en mnr Johan Ehlers, die Genootskap se Hoof Uitvoerende Beampte, wat ook die hoofspreker by die openingsfunksie was. Die nuwe tema vir die volgende jaar - 'Bou 'n brug' - is met die kongres ingelei.

Mev Rabie het ook gedurende 2011 as sameroepende beoordelaar vir VLVK se Boerderyvennoot van die Jaar kompetisie opgetree. Die doel van die kompetisie is om erkenning aan die vrou, as vennoot in landbou, te gee. Die wenner was me Lucia Dorfling van die plaas Commesie by Steytlerville.

VLV Sirkel Tygerberg

Die Sirkel se 45ste Kongres het op 8 Maart 2012 by Joostenbergvlakte plaasgevind en die openingseremonie is deur die Bemarkingsbestuurder bygewoon.

Landbouweekblad Vroue-entrepreneur van die Jaar

Agri-Expo se Bemarkingsbestuurder het gedurende 2011 saam met adv. Kobus Engelbrecht (van Sanlam) en Anton Roelofse (van Business Partners) as beoordelaars van die Landbouweekblad en Sanlam se Landbouvroue Entrepreneurskompetisie opgetree. Ter plaatse besoeke is aan die ses finaliste gebring en die wenner is by 'n glansgeleentheid te Durbanville Hills op 28 Oktober 2011 aangewys. Ronel Swart van Africa Silk Farm naby Graskop in Mpumalanga het met die 2011 titel weggestap.

Ander

Landbouskrywers SA

Agri-Expo was gasheer vir die Landbouskrywers SA se jaarlikse fotokompetisie en het die inskrywings en logistrieke reëlings vir die dag van die beoordeling hanteer. Ongeveer 300 fotos is vir hierdie prestige kompetisie ingeskryf en die beoordeling het plaasgevind op 28 Oktober in die Agri-Expo raadsaal. Die paneel van ses beoordelaars het Johan Norval se inskrywing, "Jongboer & Seun", as Foto van die Jaar aangewys.

Bewaring

Die Genootskap het vanjaar twee WWF projekte ondersteun met die jaarlikse toekenning aan hierdie organisasie. Die bewaring van die Oewerkonyn blyk nou baie suksesvol te wees, en verskeie nuwe teelareas is geïdentifiseer. 'n Gedeelte van die fondse is aangewend vir die Karoo Eko-skole program. Leerders word op jong ouderdom bewus gemaak van bewaring van die omgewing. Skole wat die program suksesvol aanbied, ontvang dan Groenvlag status. Hierdie is 'n program wat regoor Suid-Afrika baie vinnig groei en het reeds internasionale status.

Royal Agricultural Society of the Commonwealth

As lid van die RASC het die Genootskap vanjaar twee amptelike besoeke vanaf die RASC ontvang. Mnr Michael Lambert, Media Sekretaris van die RASC het met die Hoof Uitvoerende Beampte vergader en ook besoek op Sandringham afgelê. Inligting is aangevra rakende die Genootskap se aktiwiteite en is aan ander landbougenootskappe van regoor die Statebond versprei.

Mnr Breyton Milford, Projekkoördineerder, is weer vanjaar deur die RASC genooi om deel uit te maak van die Statebond se Next Generation-afvaardiging om Singapore en Indië te besoek. Die Wes-Kaapse Departement Landbou het as hoofborg van mnr Milford se besoek opgetree en die Genootskap bedank Me Joyene Isaacs (Hoof van die Departement) vir die manier waarop die Departement die Genootskap ook op hierdie wyse ondersteun.

RASC Next Generation afvaardiging na Singapoer en Indië

Die Next Generation Forum van die Royal Agricultural Society of the Commonwealth (RASC) besoek elke tweede jaar lande waar die nood die grootste is op 'n Bystand- en Insiguitreik. Vanaf 12 tot 26 November 2011 het die groep, bestaande uit 21 lede wat in landbou betrokke is en uit 12 Statebondslande kom, Singapoer en Indië besoek.

In **Singapoer** is die groep se konvensionele denkrigtings betreffende landbou uitgedaag deur te leer oor die nalatenskap van boerdery in Singapoer, die werklike uitdagings wat hedendaagse boere in die gesig staar, die regering se siening oor grondgebruik en die behoefte aan volhoubare stedelike boerdery. Hierdie metropolitaanse stad kan baie bied, maar die agteruitgang van sy landelike verbintenisse het die besoekende groep laat besef hoe belangrik dit is om die gemeenskap betrokke te kry en stedelike volhoubaarheid op 'n innoverende wyse aan te pak.

In **Indië** het die groep die volgende RASC ledeverenigings besoek: Deva Organisation Rural Development Society (DORDS) en die Welfare Organisation for Rural Lean Development (WORLD). Die groep het 'n dag saam met gewone Indiese families deurgebring om oor hulle landboupraktyke te leer en om die gemeenskap en die Indiese gebruike eerstehands te ervaar. Die plaaslike boere het hul kennis gedeel sodat lede die ooreenkomste en verskille in terme van landbou-uitdagings regoor die Statebond kon waarneem. Die hoogtepunt van die uitreik was die opbou- en skoudag van die eerste Warangal Landbouskou. Die gemeenskap is geleer dat daar groot voordele verbonde is aan 'n strewe na uitmuntendheid deur kompetisie, netwerkgeleenthede en opvoedkundige voordele.

Agri-Expo stem saam dat dit belangrik is om die uitdagings van landbou in die groter Statebondgebied te verstaan en is trots op die wyse waarop die Genootskap se Projekkoördineerder sy vaardighede gebruik het om 'n bydrae in terme van landbou-ontwikkeling gedurende hierdie unieke besoek te lewer.

Intern

EXSA toekenning

Agri-Expo het weer eens een van die spesiale toekennings tydens die jaarlikse toekenningseremonie van die Exhibition and Events Association of Southern Africa (EXSA) ontvang. Die Cape Premier Jaaroudveiling wat in die KIKS aangebied is, is aangewys as die Mees Onvergeetlike Geleentheid van 2011.

Mev. Ann Dalton, Agri-Expo se Geleentheidsbestuurder, verteenwoordig die Genootskap op die EXSA Nasionale Raad en is ook die Adjunkvoorsitter van EXSA se Wes-Kaap tak.

Sandringham

Die omvangryke verbeterings wat gedurende die vorige jaar op Sandringham aangebring is, het vanjaar ‘n besliste bydrae gelewer tot die suksesvolle aanbiedings van die Agri-Expo perdeskou, die eerste Kaapse Suiwel Ervaring en dan ook die 2012 SA Kaasfees. Namate die publiek meer blootstelling aan Sandringham gekry het, het die woord versprei dat hierdie een van die mees ideale venues in die Boland is, en daar is die afgelope jaar met verskeie instansies onderhandel om hul aanbiedings op Sandringham te kom doen.

Checkers het ‘n volledige sirkus na die plaas gebring wat gebruik is in ‘n opleidingsprogram oor twee dae vir ongeveer 1 500 van hulle personeellede, terwyl die eerste ooreenkoms na lang onderhandelings geteken is om ‘n buite ekspo op Sandringham aan te bied. Die Cape Outdoor Expo wat voorheen in die KIKS en op Bien Donné aangebied is, sal gedurende die week van 26 – 28 Oktober 2012 op Sandringham aangebied word. Verskeie onderhandelings met ander erkende ekspo’s en instansies is ook tans aan die gang.

‘n Proses om die arenas, parkering en gebied langs die damme te soneer na “Permanente oop ruimte sonering” is tans aan die gang, en sal die moontlikhede vir verdere aanbiedings ‘n hupstoot gee.

Heelwat tyd is vanjaar ook afgestaan om met plaaslike en provinsiale owerhede te vergader om logistiek rondom aanbiedings op Sandringham te bespreek en aksieplanne in werking te stel. Dit is aangenaam om te rapporteer dat hierdie vergaderings vrugte afgewerp het en baie goeie verhoudings is met die verskillende departemente opgebou. Sandringham word nou deur hulle as venue aanvaar en die nodige ondersteuning en bystand word verleen.

Personeel en Raad

Die Suiwelbedryf het nog altyd ‘n belangrike rol binne die Genootskap vervul, en die afgelope 10 jaar is dit tot ‘n dinamiese entiteit uitgebou deur mnr Kobus Mulder, Bestuurder: Suiwel. In Desember 2011 het die einde van ‘n era aangebreek met die aftrede van mnr Mulder by Agri-Expo. Met vele nuwe inisiatiewe wat hy begin het, asook nasionale en internasionale toekennings agter sy naam, het hy bekendheid verwerf as Suid-Afrika se eie Mnr Kaas. Die Suiwelbedryf en Agri-Expo salueer ‘n groot man wat sy lewe toewy aan klein vervaardigers, opkomende kaasmakers, die bokmelkbedryf, Afrika-inisiatiewe, beoordeling en vele ander aspekte van die suiwelbedryf.

Ons wens mnr Mulder, sy vrou Danelle, kinders en kleinkinders alle voorspoed toe op die rustige lewenspad vorentoe en bedank hom vir die rol wat hy vervul het as President en personeellid binne die Genootskap.

Ter voorbereiding van ‘n nuwe projek van die Genootskap, Die Kaapse Suiwelervaring, het die Raad vir mev Ann Dalton, Geleentheidsbestuurder afgevaardig om die World Dairy and Livestock expo in Birmingham by te woon. Waardevolle inligting is versamel en nuwe idees is teruggebring wat met groot vrug aangewend is tydens die aanbieding te Sandringham. Terugvoering van verskeie individue en Telersgenootskappe het daarop gedui dat hierdie ekspo, alreeds met die eerste aanbieding, vergelyk kan word met van die bestes ter wêreld.

Op uitnodiging van die Hoof van die Wes-Kaapse Departement Landbou, me Joyene Isaacs, het die Raad ingestem dat die Hoof Uitvoerende Beampte, mnr Ehlers saam met die Minister van Landbou, Wes-Kaap, Min Gerrit van Rensburg en ‘n afvaardiging van 15 lede uit die wynbedryf die Yantai International Wine Exhibition in China gedurende September bywoon. Waardevolle kontakte is bewerkstellig en die HUB het ook reeds ‘n Chinese afvaardiging, op uitnodiging van Wesgro, toegespreek oor die uitstallingsbedryf in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na wynskoue.

Soos reeds die gebruik die afgelope paar dekades, het die Raad en lede van die Bestuurspan vir twee dae gedurende Februarie bymekaargekom om die strategiese doelwitte van die Genootskap te hersien en aan te pas waar nodig. Met nuwe uitdagings in die landbou en ook die uitstallingsbedryf, is dit noodsaaklik om aan te pas by die veranderende omgewing, maar ook om die bates van die Genootskap optimaal te benut en te bestuur. Die visie van die Genootskap is dan ook hersien om soos volg te lees: “Agri-Expo is a professional promotion and marketing organization for the agricultural sector in the Western Cape, focusing on exhibitions and other Public Relations initiatives, in the interest of its members, agricultural role players, the government, the media and the public.”

Finansies

Kommer oor die flou wêreldekonomie het markte die afgelope jaar oorheers. Beleggers is steeds in onsekerheid gedompel oor die volhoubaarheid van ekonomiese herstel in Amerika, asook die Europese skuldkrisis. Dit plaas aandelemarkte regoor die wêreld onder druk. Fondsbestuurders se siening van die huidige beleggingstoestande is dat beleggers aan laer opbrengste gewoond sal moet raak.

Die nasleep van die kredietkrisis van 2008/09 het meegebring dat rentekoerse wêreldwyd gedaal het tot die laagste vlakke in dekades. Lae negatiewe reële rentekoerse kan nog lank voortduur en kontant sal oor die volgende paar jaar waarskynlik nie die opbrengste lewer wat nodig is om inflasie te klop nie. Dit is dus van uiterste belang om beleggings oor verskillende bateklasse te diversifiseer op so ‘n wyse dat hulle saam ‘n gebalanseerde portefeulje vorm wat aanvaarbare opbrengste en kapitaalgroeipotensiaal bied.

Dit is verblydend om te kan rapporteer dat Agri-Expo se beleggingsportefeulje inflasie met gemak uitpresteer het. Die buitelandse beleggings het wel nie na wense gegroei nie, maar die omrekeningswaarde van die swakker rand het ‘n positiewe impak op die beleggings in randterme gehad. Die Genootskap glo dat ‘n gebalanseerde beleggingsplan sy risiko beperk en bly goed gediversifiseerd tussen al die bateklasse en verskansingsfondse. Die fokus bly op reële groei op die langtermyn en die beleggingsprestasie word deurlopend gemonitor.